Cambridge Assessment International Education

# Cambridge IGCSE™

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02**

Paper 2 Listening **October/November 2023**

TRANSCRIPT **Approximately 35–45 minutes**

This document has **8** pages. Any blank pages are indicated.

© UCLES 2023

TRACK 1

**E** Cambridge Assessment International Education
Cambridge IGCSE
November 2023 examination in Afrikaans as a Second Language
Paper 2 Listening

Turn over now.

PAUSE 00’05’’

TRACK 2

SIGNAL

**M** **Oefening 1**

Dr. Zino Makwala is ’n vlugdokter. Sy help om mense per vliegtuig te red.

Beantwoord die vrae deur ’n regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie te maak om aan te dui of die stelling **waar** of **onwaar** is.

Jy sal die praatjie twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

**V** Ek wou altyd ’n dokter word. My pa is een, en ek het altyd gevoel ek sou in sy spore volg. Hy het sóveel dryfkrag en passie vir sy werk. Die werk as vlugdokter het egter toevallig oor my pad gekom. Ek het by ’n hospitaal gewerk, en Gerald Cummings van die hospitaal se vliegafdeling het my die geleentheid gegee om te sien wat ’n vlugdokter doen. Daar was ’n oop pos en Gerald het gedink ek sal dalk van hierdie beroep hou.

Vandat ek die eerste keer gesien het wat tydens ’n noodvlug gebeur, het ek besef dat ’n vlugdokter se werk nie maklik is nie. Vlugdokters bring pasiënte uit plekke waar daar nie die regte mediese toerusting en spesialiste is nie, en neem hulle na ’n hospitaal wat beter kan help. ’n Vlugdokter moet alles wat gewoonlik in ’n hospitaal gedoen word, in die lug doen. Ek moet ook elke tipe pasiënt kan behandel.

PAUSE 00’05’’

My eerste vlug was na Accra in Ghana, ’n plek wat ek moontlik nooit anders sou besoek het nie. Ek het toe besef ek kan die hele wêreld sien, en dit terwyl ek my passie uitleef en lewens help red. Vir my werk was ek nou al in 30 lande. Ons moes onder andere ’n baba uit Mauritius terugbring, en het ook al pasiënte op die eiland Sri Lanka en in Spanje gaan haal.

In ’n 24-uur-skof as vlugdokter kan ek enige tyd gebel word, soms in die middel van die nag. Dan gaan ons span al die mediese toerusting na. Ons maak seker dat alles werk wat die pasiënt aan die lewe moet kan hou, en ons pak alles self op die vliegtuig. Die voorbereiding is uiters belangrik. Jy wil nie hê dat iets soos suurstof vir jou pasiënt in die lug opraak nie! Ons probeer binne twee uur vandat ons ontbied is in die lug kom.

PAUSE 00’05’’

Nadat ons geland het, neem ’n ambulans ons van die lughawe na die hospitaal waar die pasiënt is. Eers nadat ek die pasiënt gestabiliseer het, neem die ambulans ons terug na die lughawe en vlieg ons na die hospitaal wat die pasiënt beter verder kan behandel.

Daar was ’n paar vlugte wat vir my uitstaan, soos die keer toe ’n baie siek seuntjie van agt jaar die pasiënt was. ’n Jaar later het ons hom weer gaan haal, nadat hy ’n nuwe lewer ontvang het. Dit het toe goed gegaan met hom.

Ons klein span, ek, die vlieëniers en die paramedikus, help mekaar om stresvolle uitdagings te hanteer. Op die einde gaan dit alles oor jou medemens. Ek sal solank as wat ek kan, voortgaan met my werk. ’n Mens voel na elke suksesvolle vlug dat jy ’n verskil in iemand se lewe gemaak het. **

PAUSE 00’05’’

**M** Jy sal die praatjie nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

TRACK 3

SIGNAL

**M** **Oefening 2**

Luister na ’n gesprek tussen Anina de Wet en haar Besigheidstudies-onderwyser, Jeffrey Peterson.

Beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord, **A**, **B**, **C** of **D** te kies en ’n regmerkie (✓) in die blokkie langs jou keuse te maak.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00

* SIGNAL

**M** Anina, jy is nou al byna twee jaar in my klas. Ek kan sien jy hou van Besigheidstudies en stel belang in die sakewêreld. Jy is duidelik ook ’n entrepreneur, want jy het verlede jaar jou eie bakkie gekoop en ’n besigheid begin. Ek is regtig beïndruk.

**V** Meneer, hierdie bakkie van my is oud, maar is sy geld dubbel en dwars werd. Een middag verlede jaar het ek en my pa hom agter ’n huis in ons buurt sien staan. Lang gras het om die wiele gegroei. Ek is ’n liefhebber van ou voertuie, en die bakkie het die volgende paar dae in my gedagtes gebly. Ek het vir my pa gevra of hy dalk weet wie daar woon. Hy het die man aan wie die bakkie behoort het geken, en my sy foonnommer gegee. Ek het hom dieselfde dag gebel om uit te vind of die bakkie te koop is. Sy naam is Daan van Vuuren en hy was baie vriendelik, maar hy wou eers nie die 1972-Fordbakkie aan ’n sestienjarige verkoop nie. Toe ek aanhou smeek, het hy gesê ek kan maar daarna kom kyk.

PAUSE 00’05’’

© UCLES 2023

**M** En toe kry jy dit reg om die bakkie te koop!

**V** Ja, my pa het saamgegaan, en my gehelp om met oom Daan te onderhandel. Hy het uiteindelik ingestem om die bakkie teen 'n baie billike prys te verkoop. Ek kon elke maand daarop afbetaal, want ek het nie genoeg geld in my spaarrekening gehad nie. Sy voorwaarde was dat ons sy tuinvullis elke maand vir 'n jaar moes wegry, want hy het die bakkie daarvoor gebruik.

PAUSE 00'10''

**M** Tydens die oueraand het jou ma en pa my vertel dat die bakkie nou harder werk as by oom Daan. Jou ouers is duidelik trots op jou.

**V** Ja, nadat ek die bakkie gekry het, het ek dadelik begin dink hoe ons dit kan gebruik om ekstra geld te maak. Ek sê toe vir my pa ons kan adverteer dat ons vir mense tuinvullis of rommel sal wegry teen betaling. Hy kan mos die bakkie bestuur, of selfs ek, as hy net saamry. Nou maak ons so, en lewer ook braaihout en hondekos by kliënte af. Ek hoop om my rybewys te kry sodra ek agtien is. Ek het nou darem al my leerlingrybewys.

**M** En waarna kan jou bakkie uitsien?

**V** Ek wil hom splinternuut laat lyk en sy kleur na bloedrooi verander. Maar eerstens moet daar aandag gegee word aan die remme, en hy moet nuwe bande kry. Dit is op die oomblik die belangrikste. Later wil ek ook graag 'n radio laat insit.

PAUSE 00'10''

**M** Het jy ander besigheidsplanne vir die toekoms na matriek?

**V** Ek is 'n entrepreneur, en wil my besigheid uitbrei. Dalk kan ek nog 'n bakkie koop. Besigheidstudies is my gunstelingvak, maar ek dink nie ek wil universiteit toe gaan nie. Ek wil werk en geld spaar vir 'n karavaan en om daarmee die wêreld plat te toer. **

PAUSE 00'05''

**M** Jy sal die gesprek nou weer 'n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00'20''

TRACK 4

SIGNAL

**M** **Oefening 3**

Fathima Chetty werk vir 'n buitelewetydskrif. Sy voer 'n onderhoud met Darren Cooper, 'n veearts en kenner van wilde diere.

Maak kort aantekeninge oor die gesprek in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01'00''

* SIGNAL

**V** Môre, Darren. Ek is regtig bly ek is betyds hier. Die GPS op my selfoon het my tot by hierdie reservaat se kliniek waar jy werk, gebring. Anders het ek dalk verdwaal!

**M** Hallo, Fathima. Ons kan lekker gesels, want dis vandag stil hier. Ek hou van julle tydskrif, want julle skryf baie oor roofdiere en wildbewaring – dinge wat my na aan die hart lê.

**V** Hoe het dit gekom dat jy spesifiek met wilde diere begin werk het?

**M** As kind het ons elke skoolvakansie by my oupa op sy plaas gaan kuier. Daar het ons gehelp om skape te versorg en koeie te melk. Ná skool het ek eers landbou gestudeer, want ek wou gaan boer. As deel van my kursus het ek praktiese werk by ’n jagluiperdsentrum gedoen waar daar sowat 125 van hulle was. Onder andere het ek met hulle voeding gehelp. Dit was fassinerend.

**V** Maar jy het toe nie na jou landboukursus gaan boer nie?

**M** Nee, ek het besluit om eerder ’n veearts te word en nog ses jaar gestudeer. Daarna het ek ’n jaar in Engeland by ’n dieretuin gewerk. Na my terugkeer het ek by dieselfde jagluiperdsentrum ’n pos as veearts gekry. Dit was my kans om in roofdiere te spesialiseer. Ek het opgelet dat sommige van die jagluiperds siek was en agtergekom dat hulle hulle kos nie goed kon verteer nie. Ek het alles neergeskryf oor hulle eetgewoontes, en aanbevelings gemaak oor hulle voeding. Die jagluiperds se gesondheid het toe dramaties verbeter. Ander natuurreservate het my daarna ook gevra om hulle te help.

PAUSE 00’10’’

**V** En hoe het jy hier by hierdie reservaat gekom?

**M** Ek werk saam met ’n internasionale organisasie wat mishandelde roofdiere, onder andere leeus, na Suid-Afrika bring. In hierdie reservaat leef diere so na as moontlik aan die natuur. Boere en natuurbewaarders van regoor die wêreld wat roofdiere uit strikke gered het, bel my en vra raad. Dit ontstel my en maak my woedend as mense hierdie diere mishandel.

**V** Ek wonder sommer, is jy nog nooit deur wilde diere aangeval nie?

**M** Vroeg in my loopbaan as veearts is ek deur ’n hiëna aangeval, en tien jaar gelede het ’n koedoebul my borskas met sy horing deurboor toe hy uit verdowing wakker geword het. Ek het by die dood omgedraai. Toe was ek ’n ruk lank bang om weer met wilde diere te werk, maar dit kon nooit my passie blus om hulle gedrag beter te verstaan nie.

**V** Wat gebeur met die roofdiere wat julle hier help?

**M** Ek het ’n permit van die Departement van Natuurbewaring om hulle in die kliniek te behandel totdat hulle herstel het. Daarna stuur ons hulle terug veld toe.

PAUSE 00’10’’

**V** Watter diere kry julle die meeste?

**M** Ons kry dikwels mishandelde leeus. Baie mense in die omgewing hou daarvan om hulle soggens vroeg te hoor brul. As mense nie die leeus hoor nie, bel hulle om te vra waar hulle is!

**V** Darren, dit laat my goed voel om te hoor dat daar kenners soos jy en organisasies is wat só hard werk om wilde diere te help.

© UCLES 2023

**M** Ja, my hoofdoel is om te probeer om hulle lewensgehalte te verbeter, en ek is bly daar is soveel mense wat waardeer wat ons doen. Dit gee betekenis aan my lewe. **

PAUSE 00’10’’

**M** Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

**TRACK 5**

SIGNAL

**M** **Oefening 4**

Riaan Wessels is aanbieder van ’n TV-program oor stokperdjies. Hy gesels met Carina Viljoen oor haar liefde vir poppe.

Beantwoord die vrae in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’30’’

* SIGNAL

**M** Carina, ek is baie bly dat jy met my kom gesels oor jou passie vir poppe. Waar kom hierdie ongewone belangstelling vandaan? Ek hoor jy is so lief vir jou poppe dat hulle byna soos jou kinders is.

**V** Geld was baie skaars toe ek grootgeword het. Ek het darem ’n pop gehad, maar ek wou baie graag ’n Barbiepop hê. Ek moes maar daarmee tevrede wees om met my niggies se Barbies te speel wanneer hulle kom kuier het.

**M** Jy het toe seker as klein meisie al vir jouself gesê jy sal eendag al die poppe besit wat jou hart begeer. Wanneer het jou stokperdjie eintlik begin?

**V** Ek het jare gelede vir welsynorganisasies begin help, en brei kinderklere vir hulle. Ek het toe ’n pop so groot soos ’n kind gesoek om my breiwerk aan te pas. Toe ek rondvra, het mense vir my poppe gratis aangebied. Eindelik het ek een so groot soos ’n driejarige kind gekry wat die perfekte grootte was. Ek moes die pop eers skoonmaak en daarna restoureer. Dis waar my groot liefde begin het. Dit was vir my heerlike werk.

PAUSE 00’10’’

**V** Ek het nóg poppe gesoek deur onder andere op Facebook te adverteer. Gou was dit net poppe waar jy kyk! Om ’n pop te restoureer, kan tussen twee en ses uur neem. Die langste wat ek aan ’n pop gewerk het, was 10 ure! Maar toe moes ek ook die ou hare verwyder, want die meeste het uitgeval. Daarna moes ek nuwe hare vaswerk.

**M** Hoeveel poppe is nou in jou versameling, en waar hou jy almal?

**V** Ek het nou 446 poppe wat in drie Wendyhuise op ons erf woon. Ek het ook al poppe weggegee of verkoop, anders sou my versameling nou al oor die 500 gewees het. Daar is onder andere Barbies, lappoppe, poppe van papier mâché, en 'n pop wat soos 'n pasgebore baba lyk. Dis my passie in die lewe. Mense noem my "die poppetannie".

PAUSE 00'10''

**M** Ek hoor jy neem jou poppe op uitstappies, en Paasfees kry hulle paaseiers.

**V** Soms neem ek een of twee van die groot meisies in my motor saam dorp toe, en maak hulle met 'n sitplekgordel vas. Ek het ook al die klein seuntjiepoppe na die motorrenbaan geneem, en foto's van hulle daar geneem. In die somer trek ek my meisiepoppe somerrokkies aan, dan hou ons op die gras langs die swembad piekniek. In die winter dra hulle warm truie en musse. Vir spesiale geleenthede trek ek hulle ook gepas aan.

**M** Hoeveel kos die stokperdjie jou, en watter poppe is vir jou besonder spesiaal?

**V** Poppe is nie spotgoedkoop nie. Ek het deur die jare ook duisende rande bestee om die poppe aan te trek. Die duurste pop in my versameling het R4 000 gekos. My gunstelingpop, was ook duur. Dis oor die honderd jaar oud en kom van Spanje af.

**M** Carina, ek het al met talle mense oor hul stokperdjies of belangstellings gesels, maar dis die eerste keer dat daar iemand op die program was wat so 'n ongewone passie soos jy het. Vir die meeste mense is 'n pop net 'n speelding, maar vir my is dit baie duidelik dat jou popversameling vir jou baie meer as net speelgoed is. Baie dankie dat jy jou storie met die kykers gedeel het. **

PAUSE 00'10''

**M** Jy sal die gesprek nou weer 'n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00'30''

SIGNAL

**M** Dit is die einde van die toets.

**E** This is the end of the examination.

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of Cambridge Assessment. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is a department of the University of Cambridge.